Horizon News
Horisonnuus
Huis Horison
Horizon House
APRIL 2020 JAARGANG ISSUE 12 NOMMER NUMBER 1

'N TYD VIR *groei*

Uiteindelik, na vele jaar se visie en beplanning, is die sooi gespit en die bouwerk kon afskop vir ons nuwe wooneenheid.

Hier by Huis Horison skep ons 'n kultuur waar ons inwoners en dagwerkers kan sosialiseer binne 'n genormaliseerde omgewing, en in veiligheid hul unieke menswees en potensiaal kan uitleef.

Daar is egter 'n groot behoefte vir sulke dienste, nie net in ons omgewing nie, maar ook landswyd. Daarom is die uitbreiding van ons fasiliteite 'n belangrike stap in ons ontwikkelingsraamwerk.

Die nuwe gebou word aan die suidelike kant van die sentrum opgerig en sal 'n drieverdieping gebou wees met 'n pragtige uitsig oor die dam. 45 Bykomende kamers sal ingerig word vir verblyf, en daar sal ook voorsiening gemaak word vir versorgers en nagpersoneel, administrasie en opleiding.

Internasionale navorsing oor die huisvesting van groepe mense het gevind dat klein leefeenhede 'n groter gevoel van gemeenskap skep. Die nuwe gebou is ontwerp om aan hierdie behoefte te voldoen en elke afdeling sal dus 'n sitkamer hê waar inwoners en dagwerkers by mekaar kan kom en sosialiseer.

Ons probeer voortdurend om al die behoeftes van ons inwoners en dagbesoekers in ag te neem. Die nuwe uitbreiding sal ons toelaat om voorsiening te maak vir addisionele ontspanningsgeriewe soos byvoorbeeld 'n teater en 'n haarsalon vir hulle om te geniet.

Daar sal ook 'n ruimte vir 'n gastekamer vir korttermynverblyf geskep word. Hierdie kamer kan ook moontlik dien as woning 'n vir 'n vrywilliger wat oor 'n langer periode by ons wil kom werk.

Die beoogde datum vir voltooiing is einde 2020. Ons sal 'n amptelike inhuldiging hou waartydens die naam bekend gestel sal word. Hou gerus die nuus en gebeure dop en volg ons op Facebook.

VAN DIE *Uitvoerende Direkteur*

Anais Nin het gesê: "Societies in decline have no use for visionaries". Sedert die ontstaan van Huis Horison in 1957 was daar verskeie mense met deernis en visie betrokke by Huis Horison. Ons is daarom dankbaar om terug te kyk na ons geskiedenis en die waarde daarvan te besef. Hierdie visie word voortgesit deur die Direksie wat ook sorg vir volhoubaarheid en ontwikkeling en in dit alles 'n perspektief behou van deernis, menslikheid en 'n toekoms vir elke mens wat in Huis Horison versorg word.

In die werk wat gedoen word, word ruimte geskep vir uniekhied. In 'n kliëntgesentreede benadering word 'n dagritme gevolg sodat mense gemaklik kan wees in hul verwagtinge van wat voorlê. Hulle dagbesteding is konsekwent gefokus op 'n gesonde lewensstyl en die ontwikkeling van hul vermoëns om self 'n bydrae te lewer tot hul eie onderhoud en menswaardigheid in die verskillende werkareas in Huis Horison. Elke inwoner en dagwerker is toegewy aan sy/haar werk en trots daarop. Dit skep ook 'n struktuur en ruimte waarbinne hulle kan presteer en erkenning ontvang en as gelukkige vervulde mense kan funksioneer.

Te midde van die huidige klimaat, is die klem daarop om 'n stabiele en veilige omgewing te skep waar hulle gekoester kan word en, in lyn met die eertydse visie van die stigters, hul horisonne kan verbreed.

Elza Bresler

WATERSUIWERINGSAANLEG

Die afgelope paar jaar se droogte het ons genoodsaak om te sorg dat Huis Horison 'n gewaarborgde water toevoer het.

Alhoewel ons 'n dam op die gronde het, is die water nie geskik as drinkwater of vir huishoudelike gebruik nie.

Danksy spesiale befondsing, was dit moontlik om 'n boorgat te sink en 'n 50 000 l-water-suiweringsaanleg op te rig. Ons kan nou ons eie grondwater suiwer vir tye van nood en sodoende ook baie kostes bespaar.

Die tegniese en instandhoudingspan het weereens geskitter met hul harde werk.

SINVOLLE DAGBESTEDING IN DIE *Werkareas*

Daar heers groot opwinding oor die nuwe wooneenheid. Dit sal egter beteken dat Huis Horison se werksareas ook sal uitbrei. Die werksareas is verskillende afdelings waar inwoners en dagwerkers hul dag sinvol spandeer deur verskeie take te verrig.

Het u geweet?

Ons Hout- en Handwerk is die oudste van Huis Horison se werksareas en is reeds in die sewentiger jare op die been gebring. Met die verloop van tyd het 'n verdere nege werksareas tot stand gekom. Hierdie werksareas sluit in: herwinning, papierherwinning, terrein en tuine, waskamer, kombuis en spyseniering, die skoonmaakspan, en instandhouding.

Elkeen van hierdie werkareas word oorsien deur 'n instrukteur asook vrywilligers wat al vir jare betrokke is, soos Eugene Terblanché en Bettie Marais.

Die inwoners en dagwerkers word in die verskeie werkareas geplaas volgens hulle vermoëns en belangstelling en is gerig op doelgerigte tydsbesteding. Die inwoners en dagwerkers word die spesifieke take wat deur die werk vereis word, geleer. Daarmee saam leer die inwoners en dagwerkers ook die belangrikheid van roetine en werksetiek, onafhanklikheid en verantwoordelikheid, wat lei tot die ontwikkeling van trots en selfrespek.

Die maatskaplike werker en arbeidsterapeut se fokus is om te verseker dat elke individu optimaal groei, terwyl daar produktief gewerk word. Die fokus is om nuwe inwoners en dagwerkers stelsematig te plaas, en suksesvol te inkorporeer in hul betrokke werkareas.

Kontak ons gerus indien u belangstel om as 'n vrywilliger by een van ons werksareas of tuine aan te sluit.

Die Bakkery het onlangs nuwe asem gekry met Lissy aan die stuur. Daar is 'n reeks nuwe produkte ontwikkel en opleiding is met 'n groter span gedoen.

GOOI MIELIES!

We are excited about our progress on the construction of eight raised plant beddings behind the centre.

This is part of a long-term project where we aim to grow a variety of vegetables and herbs and to develop the activities into a sustainable activity stream.

The fresh produce, herbs and associated products produced can contribute to our kitchen, not only to reduce food costs, but to ensure products are fresh and seasonal. This initiative will build on our Green vision, in the spirit of "Farm to Table". Any surplus yields can be processed and preserved into value-added products.

There is a host of therapeutic benefits in the growing of plants, and together with this, the workers will learn about the nutritional value of fresh products and how they contribute to a healthy diet.

The plant beddings are raised so that people with low mobility can reach the plants.

The concept is still in development and requires a new instructor and additional funding to setup the relevant infrastructure, such as irrigation and the sourcing of seedlings. In time we will be cultivating and planting our own seedlings.

Personeel

Ons verwelkom graag ons nuwe Versorgingsbestuurder, Suster Colleen Adams wat by ons aangesluit het aan die einde van 2019.

Baie geluk aan Dr. Magdie van Heerden (links) en Annica Blair (regs) met hul nuwe aanstellings. Magdie dien nou as Hoof van Terapeutiese Dienste en Annica as Werksareabestuurder.

KAALVOET *rolbal*

Ons het die jaar op 'n hoë noot afgesluit met ons jaarlikse Rolbalkompetisie wat op 15 November plaasgevind het.

Spanne van verskeie plaaslike besighede het aan die kompetisie wat by die Van Der Stel Rolbalklub plaasgevind het, deelgeneem. Ons bedank graag ons hoof borg, **LDP Stellenbosch**, vir hulle ondersteuning!

TRAP BENE, TRAP

'n Groep fietsryers het hierdie jaar die 108 km lange Cape Town Cycle Tour aangedurf ten bate van Huis Horison.

Nicolaas het die geleentheid aangegryp en die wedren vir die veertiende keer voltooi. Hierdie keer op sy rooi fiets - die "rooi gevaar".

Baie dankie aan **Intelichem** wat vir die Huis Horison-span nuwe fietsryhemde geborg het.

DIS 'N GROOT *storie*

Een van die groot treffers by ons jaarlikse somerkermis, is die boekstalletjie.

Die sukses van so 'n boekstalletjie berus op 'n span dames wat die boeke deur die loop van die jaar sorteer, pak en verkoop. Die dames wat hierdie uiters belangrike werk doen, is 'n span duisend: Baie dankie aan Marie Dixon, Gerda du Toit en Retha Ducharme!

Ons het 'n nut vir alle boeke, ongeag die ouderdom of toestand. Skenk dus gerus enige ou boeke deur die loop van die jaar.

Valentynsdans

Die jaar sal nie volmaak wees sonder ons jaarlikse Valentynsdans nie. Soos gewoonlik het ons inwoners die liefde gevier op 13 Februarie. Dit was 'n groot hoogtepunt!

ONS GEE OOK *terug*

Jacques Swanepoel het onlangs vir die 75e keer bloed geskenk. Baie geluk!

Louis Cornelissen is offisieël erken as 'n lid van De Hollandsche Molen Buurtwag.

- Make a single, or recurring **donation** via EFT, debit order or online via Givengain.com;
- **Volunteer** at events or at the centre on a regular basis;
- Attend our **functions**;
- Join the Horizon House Circle of Friends and we will keep you informed through our **newsletter**;
- Make a **bequest** to us in your will;
- Support our workareas:
  - buy products from our **bakery**;
  - bring us your waste for **recycling** (glass, paper, cardboard);
  - buy some of our crafts and **handwork** – or place an order for something unique;
  - obtain a quote for restoring your **furniture** or let us make it from scratch.

E-mail bemarking@huishorison.org.za for more information.

MySchool MyVillage MyPlanet

RAISE FUNDS FOR WHAT MATTERS MOST TO YOU

MySchool MyVillage MyPlanet

Horizon House is a member of the MySchool MyVillage MyPlanet fundraising programme. Contact us for a new card, or to add us as a beneficiary on your existing card. Swipe your card at these local outlets: Altech Netstar, Arizona Spur, Dassiesfontein, Engen, Flight Centre, Loot (www.loot.co.za), Power24, Bidvest Waltons, Wimpy at Engen False Bay 1 Stop, Woolworths, Woolworths Online & Woolworths Insurance, WorksheetCloud.

Skenkings

Ons is altyd baie dankbaar vir die skenkings wat ons ontvang, maar weet soms nie wie om te bedank nie. Daarom vra ons mooi: Kom gee asseblief u skenking in by Ontvangs sodat u besonderhede aangeteken kan word. Dit is slegs vir die bedankingsbriefie; ons sal nie u naam op ons databasis plaas tensy u daarom vra nie.

Huis Horison/Horizon House • Patrysstraat 1 Patrys Street • Onder-Papegaaiberg • Stellenbosch 7600

Posbus/PO Box 102 • Stellenbosch 7599

T 021 887 5080
F 021 887 5337
E admin@huishorison.org.za
W www.huishorison.org.za

NWO/NPO 003-306 • BTW/VAT Reg 4590129161

BANKBESONDERHEDE/BANKING DETAILS
Naam/name: Huis Horison
Bank: Nedbank Business Winelands
Tjekrekening/current account: 1498044247
Takkode/branch code: 149821